higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

VERVOERBEDRYF
NQF LEVEL 4

(11020334)

8 Maart 2018 (X-vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 7 bladsye.

Kopiereg voorbehou

TYD: 3 UUR
PUNTE: 150

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.
2. Lees AL die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Gebruik 'n SWART of BLOU pen.
5. Los ten minste DRIE lyne oop na elke vraag.
6. Begin elke afdeling op 'n NUWE bladsy.
7. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'waar' of 'onwaar' langs die vraagnommer (1.1–1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1 Die beplanningsproses identifiseer doelwitte en oogmerke.

1.2 Die klassieke benadering gee aandag aan sosiale faktore van werkgroepe, leierskap, die informele organisering en gedrag van mense.

1.3 ’n Niewinsgewende maatskappy is ’n maatskappy wat geïnkorporeer is vir openbare voordeel.

1.4 ’n Verspreidingsentrum is ’n gebou wat spesifiek ontwerp is vir berging, dit is dikwels met verkoelings- of lugreëlingfasiliteite.

1.5 Die hoogte van ’n abnormale voertuig saam met sy vrag moet 4.8m van die grond af wees.

1.6 Die wetlik toelaatbare wielbasis vir ’n bus of trein is tot en met 10,0 m.

1.7 Supervragte is vragte van groter as ongeveer 150 ton.

1.8 ’n Gevaargradering van 1 dui uiterste risiko aan.

1.9 ’n Spoorwegveiligheidsreguleerder monitor voorvalle wat gevaarlike goedere in die spoorbedryf behels.

1.10 Wanneer stortings skoongemaak word, is daar slegs twee elemente wat in aanmerking geneem moet word.

(10 × 1) **[10]**

Kopiereg voorbehou

VRAAG 2

Identifiseer die faktor in KOLOM B, wat NIE pas by die kategorie in KOLOM A nie. Skryf SLEGS die nommer (2.1–2.10) neer en die faktor wat nie by die kategorie pas nie.
Bv. 2.a Transnet

KOLOM A: Kategorie		**KOLOM B: Faktore**
bv. 2.a	Vervoermodusse	Pad, spoor, Transnet, lug
2.1	Roete-optimisering	Kostebesparing, verbeterde kliëntediens, bepaal vervoerbehoeftes, verbeterde voertuigbenutting.
2.2	Besigheidstrategieë	Maksimeer winste, ontwikkel belonings en aansporingstelsels, verseker groei, bestuur beeld en reputasie van maatskappy
2.3	Stelselbenadering	Insette, transformasie, uitset, terugvoer, beleide
2.4	Dimensies van 'n Verspreidingsplan	Betroubaarheid, buigsaamheid, gehalte, monitering
2.5	Direkte koste	Sosiaal, brandstof, arbeid, voertuigolie
2.6	Afmetings van abnormale vragte	Lengte, breedte, hoogte, grootte
2.7	Permit-tipes	Rit, wettiging (geldigverklaring), area, roete, landwyd
2.8	Noodtoerusting	Liesskerm, oor-langbroek, vlambare gasse, hoogs sigbare onderbaadjie
2.9	Rustye	14 uur vir elke 24 uur, minimum 15 min, 30 min vi elke 5.5 uur, 9 uur vir elke 24 uur.
2.10	Bestuurstye	Maksimum 5 uur deurlopend, maksimum van 14 uur vir elke 24 uur, 15 uur maar nie 30 uur oorskry nie

(10 × 1) **[10]**

TOTAAL AFDELING A: 20

Kopiereg voorbehou

AFDELING B

VRAAG 3

Lees die gevallestudie hieronder en beantwoord die vrae.

'TRAVELLUX'

Travellux is 'n organisasie wat in verskeie area van vervoerverwante besigheid spesialiseer. Die organisasie is in 2003 begin en het oor die afgelope dekade vinnig gegroei. Tans spesialiseer die organisasie in drie distriksgebiede van vervoerdienste:

- Toerisme, wat luukse spoor- en padvervoer insluit;
- Koerierdienste in Suid-Afrika;
- Die vervoer van klein goedere in grootmaat binne die grense van Suid-Afrika

Die stigter en uitvoerende hoof van Travellux, Joe Peterson was in staat om die besigheid uit te brei tot 'n huidige omset van meer as R300 miljoen per jaar. Verskeie faktore het wel 'n impak op Travellux se winsgewendheid, soos die petrol- en dieselprys, probleme met pad- en spoorinfrastruktuur, gebrek aan geskoolde gekwalifiseerde bestuurders en administratiewe werknemers asook veiligheid en sekuriteit om maar net 'n paar te noem. Aanvanklik het Joe probeer om al die spesialisasie-areas asook al die betrokke funksies te bestuur. Teen 2008 het hy besef hy het hulp nodig en dat hy personeellede moet aanstel om hom in staat te stel om op die algehele rigting en sukses van die organisasie te fokus.

Verskeie funksionele en diensgerigte bestuurders is aangestel. Vandag kan die volgende sleutelwerknemers geïdentifiseer word:
Uitvoerende Hoof – Joe met die volgende funksionele bestuurders:

- Menslike Hulpbronbestuurder – Mpho
- Finansiële bestuurder – Mohammed
- Bemarkingsbestuurder – Emily
- Operasionele bestuurder – Gert

Die drie diensbestuurders is elkeen vir 'n spesialisasie-area by Travellux verantwoordelik:

- Toerisme – Basetsana
- Koerierdienste – Yvonne
- Grootmaatvervoer – Peter

Toerisme is die derde mees onlangse uitbreiding by Travellux en sedert 2013 het Basetsana haar afdeling se markaandeel in luukse pad- en spoorvervoer en -toerisme uitgebrei. Vier streekstoesighouers rapporteer tans aan haar – en elkeen fokus op die spesifieke toerismeroetes en -modusse in hulle spesifieke streek in Suid-Afrika: Westelike streek (Geelbeck); Oostelike streek (Themba), Sentrale streek (Petra) en laastens die Noordelike streek (Mavis).

Tydens die jaarlikse prysuitdeling galageleentheid aan die einde van verlede jaar wat deur Travellux gehou is, het een van Petra se busbestuurders die prys as die beste bestuurder in die organisasie ontvang. Dit is die tweede jaar dat Lionel hierdie is prestige-prys ontvang.

[Vertaal uit: Oosthuizen, T.F.J. 2013. *Management success, a task focus]*

3.1 3.1.1 Identifiseer die persoon wat verantwoordelik is om strategiese besluite by Travellux te neem en beskryf sy spesifieke rol in die besigheid. (3)

3.1.2 Lys VIER faktore wat Travellux se winsgewendheid beïnvloed. (8)

3.1.3 Vier streeksbestuurders rapporteer aan Basetsana (Toerismebestuurder).

Identifiseer die VIER bestuurders en spesifiseer hulle onderskeie streke. (8)

3.2 Help Gert om tussen die volgende te onderskei:

3.2.1 Operasionele funksies

3.2.2 Operasionele bestuurders

3.2.3 Operasionele bestuur

(3 × 2) (6)

[25]

VRAAG 4

4.1 Identifiseer DRIE areas waarin die vervoerbedryf ander bedrywe beïnvloed. (6)

4.2 Noem enige DRIE uitwerkings van 'n onbetroubare of afwesige vervoerstelsel. (6)

4.3 4.3.1 Beskryf die volgende verspreidingskanaal:
Vervaardiger ---> verbruiker (4)

4.3.2 Gee 'n tersaaklike voorbeeld uit jou gemeenskap wat hierdie tipe verspreiding aanbied. (2)

[18]

NCV

VRAAG 5

5.1 Verduidelik kortliks DRIE beginsels van die vrystellingspermitstelsel vir die vervoer van abnormale vragte. (6)

5.2 'n Hysplan ('*lift plan*') is daarop gemik om seker te maak dat die toerusting wat gebruik word, geskik is en dat die hysbedrywighede veilig uitgevoer word.

Gee DRIE dinge wat by die hysplan ingesluit moet word. (6)

5.3 Noem TWEE veiligheidsmaatreëls wat toegepas kan word om die finansiële risiko's betrokke by die vervoer van 'n abnormale vrag te vermy. (4)
[16]

VRAAG 6

Bestudeer die beelde hieronder en beantwoord die vrae.



6.1 Verduidelik kortliks die betekenis van elk van die gevaar-etikette (6.1.1–6.1.4) hierbo. (8)

6.2 Noem DRIE voor-laai kontroles wat gedoen moet word voor 'n bestuurder gevaarlike goedere op die perseel laai. (6)

6.3 Beskryf die na-brand skoonmaakproses ('*post-fire clean-up process*'). (5)

6.4 Bespreek kortliks die beginsel "besoedelaar betaal". (2)
[21]

TOTAAL AFDELING B: 80
GROOTTOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou